

# Mededingingskommissie moet hom vergewis van waarheid

Die mededingingskommissie het in meer as een opsig misgetas met sy eensydige verslag oor voedselpryse in Suid-Afrika. Hy het onder meer nie die pryse van grondstowwe en die koste van beurtkrag in ag geneem nie.

Die mededingingskommissie het in April 'n ongevraagde verklaring uitgereik. Dit handel oor beweerde opportunistiese gedrag wat die kommissie met betrekking tot voedselpryse en moontlike samespanning tussen maatskappye waargeneem het.

Die mededingingskommissie se mandaat is om beperkende sakepraktyke te evalueer en ondersoek. Verder moet die kommissie die dominante posisie van maatskappye in die ekonomie en ook samesmeltings tussen ondernemings ondersoek. Die kommissie moet die impak van dié drie aspekte op die doeltreffende werking van die ekonomie evalueer. Dit is nie die kommissie se mandaat om 'n verklaring oor voedselpryse uit te reik.

Die kommissie het 'n baie sterk klem op voedselprysmonitering. Ons kan dit verstaan omdat voedselpryse baie belangrik vir Suid-Afrika se verbruikers is. Suid-Afrika het 'n werkloosheidskoers van 33%, wat beteken dat een uit drie individue in die bevolking nie werk het om 'n inkomste te verdien om vir voedsel te kan betaal nie. Die montering van voedselpryse is dus belangrik, maar wat belangriker is, is die wyse waarop die boodskap oor voedselprysmonitering oorgedra word.

Die wyse waarop die kommissie die boodskap oorgedra het, is om die volgende redes vir Agbiz Grain problematies.

Die medingingskommissie is 'n regulerende liggaam, wat 'n belangrike liggaam is. Wanneer die kommissie 'n verklaring van dié aard uitreik, neem verbruikers dit baie ernstig op.

Die kommissie begaan 'n ernstige fout as hy met sy afleidings net op die uitsetkant en voedselpryse konsentreer. Die koste van grondstowwe, die impak van beurtkrag, en veral die toename in bedryfskoste moet ook verreken word.

Die kommissie het nie die moeite gedoen om sy gevolgtrekkings met beskikbare data te verifieer nie. Enigeen wat Statistieke SA se data naslaan, sal oplet dat die stellings van die kommissie nie deur die beskikbare data gestaaf kan word nie.

> Die verbruiker kry 'n verkeerde, ongunstige boodskap.

Die kommissie was nie objektief nie. Hy het nie ondersoek ingestel na die pryse van grondstowwe nie. Byvoorbeeld, die prys van koring het oor die afgelope twee jaar tot 'n hoogtepunt toegeneem en daarna weer begin daal. Die stygings in broodpryse oor dié tydperk weerspieël nie die relatief skerp toename in die prys van koring en die daling daarna nie. Dit is 'n probleem. Die kommissie behoort dit in ag te neem dat die bedryf ook erkenning moet kry vir die feit dat die skerp toename in die prys van koring en die impak van beurtkrag nie aan die verbruiker deurgegee is nie.

Nog 'n voorbeeld is die kostedruk waaraan die opbergingsektor blootgestel is. Die prys van diesel waarmee kragopwekkers elektrisiteit tydens beurtkrag opwek, is sewe keer die prys van Eskom-krag. Hou in gedagte dat die waardeketting hierdie koste absorbeer sonder dat dit regstreeks aan die verbruiker deurgegee is. Dit 'n baie sterk en mooi boodskap wat oorgedra moet word.

Wat die kommissie met die uitreiking van sy verklaring en 'n eensydige siening sonder bewyse reggekry het, is die vernieting van 'n baie goeie storie, terwyl dit vir baie juis nodig is dat verbruikers vertroue in die voedselwaardeketting moet hê. Die wyse waarop die koste van grondstowwe, wat mielies, koring, sojabone en sonneblomsaad insluit, bepaal word, is deur middel van die verhandeling van termynmarkinstrumente op die landbouprodukte-afdeling van die Johannesburg aandelebeurs (JSE). Dit is waar die prys van daardie produkte deur middel van vraag en aanbod bepaal word. Daar is geen manier waarop besighede kan saamspan en pryse van die kommoditeite kan vasstel nie. Die voedselpryse word op 'n vrye mark bepaal.

Die feit dat die kommissie so 'n swak deurdagte verklaring uitgereik het, is betreurenswaardig en dit moet reggestel word. Die boodskap wat die bedryf aan die kommissie moet oordra, is dalk eerder 'n uitnodiging aan die kommissie om met die bedryf te skakel en eers met die bedryf in gesprek te tree. Dit is veral belangrik om dit te doen voordat die kommissie in die toekoms weer verklarings van dié aard uitreik.

Die kommissie behoort ook sy verklarings te modereer en aan een of twee eksterne ekonome vir onafhanklike en objektiewe terugvoer voor te lê. Dit behoort ekonome te wees wat insae het in die koste van grondstowwe en bedryfskoste en wat 'n regverdige oordeel kan fel oor die rede vir die toenames in voedselpryse.

Die kommisie behoort voortaan eers ná voldoende ontledings en konsultasie seker te maak dat albei kante van die storie aan verbruikers vertel word. As die kommissie eensydig net aandag gee aan die uitsetkant en nie ook die insetkant voldoende in ag neem nie, gaan sy afleidings verseker verkeerd wees en 'n verkeerde, ongunstige boodskap aan die verbruiker oordra. LBW

*Mnr. Wessel Lemmer is hoofbestuurder van Agbiz Grain.*